

**Saterdag 5 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:7-13**

**Fokusgedeelte: Openbaring 3:10**

**God is besorg oor ons veiligheid en welvaart**

**K**yk net na die Here se genade! In God se besorgdheid oor ons welvaart gebruik Hy al die magte van die hemel om ons te beskerm en voort te help. Dink aan die werk van die engele! Maar bo alles stuur Hy sy Seun Jesus Christus om te kom sterf sodat God se woede oor ons oortredinge in Hom gestraf kan word. So word die bewaring van Openbaring 3 waar.

Die feit is dat God ons nou klaar gestraf het vir ons oortredinge. Dit is nie meer nodig om ons te verdelg nie. Nou vou Hy ons in sy liefde toe. Ons moet dit altyd onthou! Alles wat vir die gemeente van Filadelfia moontlik was, is ook vir ons moontlik! Daarom moet ons ook daarna streef om soos die gemeente van Filadelfia God se guns te behaag.

Dit is juis hierdie Jesus wat vir ons gesterf het wat vir die gemeente van Filadelfia - en ons - die brief skryf. Dis Hy wat skryf dat Hy ons bewaar en dat Hy die deur vir ons oopgesluit het. Niemand het nodig om sy vermoë om dit te doen, te betwyfel nie. Hy het reeds die dood oorwin en beheers die lewe. Wees daarom ook gewaarsku dat Hy kan toesluit - vir ewig! Hy sluit inderdaad die deure van die hel oor die ongelowiges toe tot in ewigheid.

Ons moet 'n saak uitmaak of 'n gelowige wat halfhartig glo en wat ook sy geloof in allerhande halfhartighede uitleef, werklik die Woord van God bewaar. Ons moet selfs 'n saak uitmaak of ons mag Nagmaal gebruik as u net in naam deel is van die kerk, maar nie werklik met God self saamleef nie! Kan ek my kind laat doop as ekself nie die suiwer geloofspad ken nie? Hoe sal ek dit dan vir hom kan leer?

Om die Woord van Christus se lydsaamheid te bewaar, is om te glo, om lief te hê, om te volhard tot die einde toe, om te weet dat in die swaarste aanvegtinge wat oor die aarde kom, ons nog altyd veilig deur die Here bewaar word.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*